# 13 Maart - DRANK

**Skrifgedeelte: Spreuke 23**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 5:18**

Die Spreukedigter (hoofstuk 23) waarsku oor die invloed wat te veel wyn op die lewe van ’n mens het. Wie dronk word, se lewe word deur die drank in beheer geneem. Hy verloor sy verskillende funksies hoe dronker hy word. Dit begin by die hoër funksies van verantwoordelikheid en besluitneming, en eindig waar die dronk persoon nie meer kan loop nie.

Efesiërs 5 waarsku baie uitdruklik teen dronk word. Hierdie euwel word in ons samelewing goedgekeur en verdra, selfs onder gelowiges. Die Bybel verbied dronkenskap onomwonde, en dit is belangrik dat ons as gelowiges dit nie sal doen nie en dit nie sal verdra nie.

Paulus gebruik dronkenskap egter in dié deel as ’n vergelyking om iets te sê van wat dit beteken om Geesvervuld te lewe. Die gelowige se lewe is die teenoorgestelde as dronkenskap deur wyn of iets anders. Die gelowige moet onder die heerskappy van die Heilige Gees lewe. Die gelowige se hele lewe, sy denke, sy besluitneming, sy oordeelsvermoë, alles moet deur die Gees beheer word.

Hoewel vervulling met die Gees ’n gawe van die Gees self is, word dit hier in ’n bevelsvorm as passiewe werkwoord gegee. Dit beteken dat die gelowige homself doelbewus onder die invloed van die Heilige Gees moet stel.

Ons onderskei die vervulling van die Gees van die wedergeboorte of doop met die Heilige Gees. Laasgenoemde vind plaas wanneer die Heilige Gees op grond van Christus se verlossingswerk die gelowige se lewe oorneem en hom nuut maak. Vervulling met die Gees het te make met die werking van die Gees in ons lewe.

In dié sin moet ons ons elke dag opnuut weer onder die invloed van die Heilige Gees stel. Ons moet Hom nie bedroef of uitblus nie, maar ons lewe deur Hom laat beheer.

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2* *Ds HS Coetzee (Potchefstroom-Noord)*